Akkommodasies (Konsessies) / Eksamentoegewingsbeleid

1. DOEL VAN AKKOMMODASIES

Inklusiewe Onderwys is deur die onderwysdepartement ingestel, wat beteken dat daar weggedoen is met meeste spesiale skole en spesiale klasse. Leerders met leerhindernisse,soos disleksie, ADHD, ADD, ens. moet dus in hoofstroomskole geakkommodeer word. Eksamentoegewings is ingestel om ’n getroue weergawe te kry van die leerder se kennis en vaardighede, ten spyte van die leerder se unieke leerhindernis. Die konsessies mag egter nie die standaard van die assessering verlaag nie en mag ook nie die leerder bevoordeel teenoor die leerders wat op die gewone manier geassesseer word nie.

2. WIE KWALIFISEER VIR EKSAMENTOEGEWINGS

2.1 Leerders kwalifiseer wanneer :

a) Die leerder ’n fisiese gebrek of hindernis ervaar (bv.beseerde hand, swaksiendheid, siekte), wat assessering met die gewone metodes moeilik maak.

b) Die leerder ’n leerhindernis ervaar (bv. Disleksie, ADD, ADHD), wat veroorsaak dat die leerder deur die gewone assesseringsmetodes benadeel word.

c) Die leerder ’n psigiatriese kondisie het (depressie,angs) wat ’n hindernis is vir die leerder om sy/haar volle potensiaal te bereik.

d) Die leerder bewyse kan lewer dat hy/sy reeds verskeie intervensies (bv. Remediërende hulp, leeshulp, ekstra klasse, studiehulp, medikasie, tydsbestuur) deurloop het om die hindernis aan te spreek en te verbeter.

2.2 Leerders kwalifiseer NIE wanneer:

a) Die leerder nie volledig skolasties geëvalueer is nie en daar nie ’n verslag van ’n kundige op die gebied verskaf kan word nie.

b) Die leerder ’n lae taalvaardigheid het as gevolg van die feit dat hy tans nie skoolgaan in sy moedertaal nie.

c) Die leerder oor ’n lae kognitiewe vermoë beskik nie.

d) Daar in Graad 11 en 12 vir die eerste keer aansoek gedoen word vir konsessies nie (behalwe in die geval van ’n fisiese rede).

e) Die leerder nog geen hulp of intervensies ontvang het om die probleem aan te spreek of te verbeter nie.

2.3 Her-evaluering van akkommodasies:

Akkommodasies word jaarliks deur die Onderwysdepartement her-evalueer. Dit is dus nie ’n gegewe dat die leerder elke jaar goedkeuring sal kry vir akkommodasies nie.

3. AKKOMMODASIES WAT TANS BY SENTRAAL TOEGESTAAN WORD:

a) Ekstra tyd (5/10/15 min per uur afhangend van die leerder se unieke behoefte).

b) Leser (elektroniese leestoerusting) (in gevalle waar ’n leerder se leesspoed buitengewoon stadig is / leerder se leesbegrip duidelike agterstand toon).

c) Skrywer (wanneer ’n leerder se handskrif onleesbaar is/wanneer ’n leerder ’n fisiese probleem met sy skryfhand ondervind).

d) Rekenaartik (wanneer ’n leerder se handskrif onleesbaar is).

e) Aparte vertrek (in uiterste gevalle van Aandagafleibaarheid).

f) Spelling toegewing (disleksie en waar spelling die leerder se vermoë om homself uit te druk,belemmer).

4. VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE SKOOL:

a) Invul van die aansoekvorms vir toegewings.

b) Byvoeging van alle relevante dokumente by die aansoek.

c) Die indien van die aansoek by die Distrikkantoor van die Onderwysdepartement.

d) Praktiese reëlings van lokale. Indien daar nie genoegsame lokale beskikbaar is nie, sal die Gr 10 – 12 leerders voorkeur kry.

e) Reëlings – Groeplesers

f) Opleiding met die gebruik van elektroniese toerusting bv. Claroread

g) Samestelling van akkommodasielys en deurgee daarvan aan onderwysers.

h) Aankoop van skootrekenaars vir die gebruik van Claroread.

5. VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE LEERDERS EN OUERS:

a) Indien ’n leerder gebruik maak van ’n skrywer, moet die ouers self so ’n persoon reël vanaf die lys wat deur die skool beskikbaar gestel sal word..

b) Die skrywer mag nie ’n familielid, vriend, tutor of enige persoon met ‘n noue verbintenis met die leerder wees nie en moet ‘n persoon wees wat deur die skool goedgekeur is en wat oor ‘n leser/skrywer opleidingserifikaat beskik.

.

c) Die skrywer se kontakbesonderhede moet vroegtydig (ten minste 2 weke voor die eksamen/toetsreeks) deurgegee word aan die skool, sodat reëlings met die persoon getref kan word.

d) Die ouers en leerder is self verantwoordelik om die datums en tye wat die leerder eksamen/toetse skryf, deur te gee aan die skrywer.

e) Indien die leerder van ’n rekenaar gebruik maak (in die geval van tik), moet die leerder sy/haar eie skootrekenaar bring, asook ’n geheuestokkie waarop die leerder se antwoordstel gestoor kan word. Die rekenaar en geheuestokkie mag geen gestoorde inligting bevat nie. Die leerder mag nie gebruik maak van die internet, spelkorreksie of woordeboek funksies nie. Die leerder se antwoordstel moet aan die einde van die eksamensessie uitgedruk word en die leerder moet bevestig dat dit sy/haar werk is.

f) Indien die leerder van ‘n skrywer/toesighouer gebruik maak, moet ‘n diktafoon (verpligtend in gr.12, gr.8-11 sal ‘n selfoonopname aanvaar word) deur die ouers aangeskaf word sodat alle eksamensessies opgeneem kan word.

g) Opnames moet na afloop van die eksamen gestuur word aan elizna@sentraal.co.za

h) Leerders wat van Claroread gebruik maak, moet hulle eie inprop oorfone saambring – indien die oorfone vergeet word, sal die leerder daardie dag self moet lees.

i) Dit is die ouer se verantwoordelikheid om ook elke jaar met die leerder se vakonderwysers kontak te maak en seker te maak hulle dra kennis van die leerder se situasie.

6. BETALING VAN LESERS, SKRYWERS EN TOESIGHOUERS

a) Skrywers - Die ouers is self verantwoordelik vir die betaling van die fooi soos gevra deur die skrywer. Die betaling word direk aan die skrywer gedoen. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir die betaling van die skrywers nie.

b) Groeplesers se betaling word gedeel deur die aantal leerders wat lesers benodig – hierdie bedrae sal aan die begin van elke kwartaal gekommunikeer word. Dit word direk in die skool se rekening inbetaal. Gebruik die leerder se naam + konsessie as verwysing.

c) Indien vereffening van die fooie nie plaasvind nie, verbeur die leerder sy/haar konsessies vir die betrokke kwartaal se eksamen. Indien u nie by magte is om die fooi te betaal nie, tref vroegtydig ’n reëling met die leerderondersteuningskantoor.

d) Claroread (elektroniese leser) fooie beloop R500-00 per kwartaal en word ook soos by nr.c hierbo in die skool se rekening betaal.

e) Leerders met ekstra tyd: Daar is slegs kostes aan verbonde in die leerders se gr.12 jaar tydens die September- en Novembereksamens omrede die skool dan van eksterne toesighouers moet gebruik maak. Kostes sal bepaal word afhangend hoeveel leerders betrokke is en dit sal betyds gekommunikeer word.

7. INLIGTING BENODIG VANAF OUERS:

a) Afskrif van die leerder se ID-dokument of geboortesertifikaat.

b) Tweejaarlikse verslae van sielkundiges, psigiaters, neuroloë of enige ander relevante professionele persone, wat bevestig dat die leerder eksamentoegewings benodig.

c) Bewyse van alle ekstra hulp wat die leerder tot op hede ontvang het, bv Remediërende Onderrig (RO), Arbeidsterapie, Studiehulp, Leeskursusse. Die inligting moet insluit wanneer die leerder die hulp ontvang het en vir watter

tydperk.

d) Die inligting moet so gou as moontlik saam met die leerder skool toe gestuur word of kan per e-pos gestuur word aan soekie@sentraal.co.za

8. PROSES VAN GOEDKEURING:

a) Die relevante dokumente en die onderwysers se evaluering van die leerder, word voorgelê aan die “School Based Support Team” (SBST), vir ’n aanbeveling.

b) Die aansoek sal slegs positief deur die SBST aanbeveel word, indien ’n leerder:
- gereeld huiswerk doen
- take betyds inhandig
- samewerking gee in die klasse en ’n leeringesteldheid toon
- se klas- en skoolbywoning bevredigend is

c) Die nodige dokumente en aanbeveling van die SBST, word deurgestuur na die “District Based Support Team” (DBST) by die onderwysdepartement.

d) Die onderwysdepartement moet binne 3 maande vanaf die ontvangs van die aansoek, daarop antwoord.

e) Daar mag geappelleer word teen die finale besluit van die onderwysdepartement.\ Die appel moet ingedien word binne 2 maande nadat die besluit ontvang is. Slegs die oorspronklike aansoek sal heroorweeg word. Geen ekstra inligting of dokumente sal in ag geneem word nie.

f) Die akkommodasies sal slegs by die skool toegestaan word, sodra die amptelike goedkeuring vanaf die onderwysdepartement ontvang is.

g) Indien ’n leerder reeds tydens laerskool of by ’n ander skool, goedkeuring gehad het vir akkommodasies, benodig ons die DBE121 (amptelike DBE-goedkeuring) anders sal dit as ‘n nuwe aansoek hanteer word – nuwe aansoeke word nie gedurende kwartaal 1 gedoen nie.

h) Indien ‘n patroon van swak leeringesteldheid getoon word of herhaaldelike dissiplinêre strafpunte ontvang, sal akkommodasies gestaak word.

i) In gevalle waar leerders ekstra tyd ontvang en nooit van die ekstra tyd gebruik maak nie, sal dit gestaak word.

Neem asb. van die volgende kennis:

- **Akkommodasies word slegs tydens eksamens/toetsreekse deur die skool se leerderondersteuningsafdeling gereël en bestuur. Indien ‘n leerder tydens klasassesserings of enige addisionele assesserings wat buite eksamentye/toetsreekstye val en van die akkommodasies wil gebruik maak, is dit die leerder se verantwoordelikheid om dit ten minste twee dae voor die assessering met die leerderondersteuningsafdeling te reël – indien ‘n leerder versuim om betyds reëlings te tref,sal hulle nie aanspraak kan maak op akkommodasies nie.**

- **Die goedkeuring van die aansoek berus by die Departement van Onderwys en nie by die skool of die professionele persone wat die leerder geëvalueer het nie. ‘n Aanbeveling beteken nie noodwendig dat dit goedgekeur word nie.**

- **Twee weke (14 dae) voor die aanvang van ‘n eksamen/toetsreeks word die akkommodasielys en getalle gefinaliseer en sal alle aansoeke na die volgende kwartaal toe oorstaan.**

Sien asb. volgende bladsy →

RIGLYNE VIR AKKOMMODASIES TYDENS KLASTYD-ASSESSERINGS

LEERDERS

- STUUR TEN MINSTE **2 DAE** VOOR DIE TYD VIR JUF. ELIZNA 'N WHATSAPP MET DIE VOLGENDE INLIGTING:
  - DATUM VAN ASSESSERING
  - VAK
  - PERIODE
  - HOEVEELHEID TYD
  - ONDERWYSER SE NAAM

LEERDERS WAT APART EN MET EKSTRA TYD SKRYF


- LEERDERS MELD BY JUF.ELIZNA SE KANTOOR AAN

LEERDERS WAT SKRYWERS HET:

- DIT IS LEERDER SE VERANTWOORDELIKHEID OM DIE TYD EN DATUM MET HUL TE KOMMUNIKEER.
- LEERDER SKRYWERS MELD BY JUF.ELIZNA SE KANTOOR AAN

NEEM ASB. KENNIS VAN DIE VOLGENDE:

- JUF.ELIZNA SAL DIE VRAESTELLE GEREED HÊ - LEERDERS KAN NET BY HAAR KANTOOR AANMELD.
- HIERDIE ASSESSERINGS SAL DIKWELS NA SKOOL GESKRYF WORD INDIEN DIT NIE IN SKOOLTYD GEAKKOMMODEER KAN WORD NIE.
- DAAR SAL ADDISIONELE FOOIE GEHEF WORD AS LESERS MOET INKOM



Neem asb. kennis dat hierdie 'n vergunning is wat ons vir die leerders maak aangesien meeste skole slegs tydens eksamens leerders toelaat om van akkommodasies gebruik te maak a.g.v. administratiewe en logistieke uitdagings. Indien die riglyne nie gevolg of gerespekteer word nie sal ons ongelukkig genoodsaak wees om hierdie vergunning te staak.